

Onderhoud in Rapport, 27 September 1984

“Wat kan mens oor die Bos sê? Dat dit ’n persoonlikheid van sy eie het. Dat dit met sy skemer stilte praat met dié wat luister?”

Toe sy haar eerste treë in die Bos gee, het die “amper broeiende stilte”, die “skemer-wêreld, met net hier daar ’n sonstraal wat deur die digte vlaredak sif” haar verbeelding aangegryp.

Sy het begin wonder oor die skrilte teenstelling wat die ooptes kreupelhout en afgekapte stompe waarop hulle kort-kort afgekom het met die res van die Bos vorm. En toe hulle onverwags ’n bordjie raakloop met die verrassende nuus dat goud destyds in die Bos ontdek is, was die gort spreekwoordelik gaar.

“Vrae, soos wie die bome afgekap het, wat van hulle geword het, hoekom daar vandag amptelik net drie olifante oor is as daar voorheen duisende in die Bos was, wanneer en deur wie die goud ontdek is en veral hoekom ek nooit iets daarvan gehoor het nie, het deur my begin maal.

“En wat my nou rêrig nuuskierig gemaak het, is dat niemand in die omgewing ’n enkele antwoord op my vrae kon gee nie.”

Terug by die huis het die Bos by haar bly spook. “Op ’n dag het ek net geweet, ek gaan terug.”

Sy het ’n woonstelletjie van ’n onderwyser op Knysna gehuur en met haar navorsing begin. “Hoekom het ek toe nog nie geweet nie. Daar was net die sterk gevoel dat iets dalk daaruit kan kom.”

As kind van dié wêreld het sy haar gou volkome in haar opleeswerk verdiep. Die eerste plek waar sy om inligting aangeklop het, was Knysna se dorpmuseum, Millwood House. Millwood House is een van die oorspronklike delwershuisies wat uit die Bos na die dorp gebring en as museum opgerig is. Na baie pleidooie en ooredingsvermoë is sy in egte Queen’s English meegedeel sy kan maar die lêers gebruik. Maar onthou asseblief, “they are private files”.

Uit die dokumente, briewe en verslae het ’n prentjie van die lewe in en om die reusagtige Knysna-bos in daardie jare, die bitter standverskille wat daar tussen die boswerkers en die Engelse dorpenaars was geleidelik en stuk-stuk ontvou.

Besonderhede oor die dorpie en sy mense, wat nie in die lêers opgespoor kon word nie, het Mathee deur eindelose onderhoude uitgekrap. Elke oggend en middag het sy aan ’n onderhoud met of ’n boswerkerskind of ’n afstammeling van die Engelse dorpenaars gewy. En een mens kon haar altyd na ’n ander verwys. Tusendeur het sy met haar navorsing volgehou. “Ek was nie eens halfpad nie toe het ek al geweet daar gaan meer as een boek uit die Bos kom.”

BRON: Rapport 27 September 1984